



Verwagtinge van die Agtste ADV

Die Bybel leer ons: *Jy moet die Here jou God liefhê ... en jou naaste...* Ons sing die lied: *Waar daar liefde is, daar is God.*

Teken in op
blitspos
Stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Om jou naaste lief te hê: Dit vra nie net 'n gelowige mens in Jesus nie, maar dit vra juis ook 'n gehoorsame mens aan Jesus. Dit word die lied in jou hart.

Nuus, berigte en
kort kommentaar
(uiters 100 woorde)
aan
produksie@nhk.co.za

Met die Agtste Algemene Diakensvergadering op hande, kan 'n mens nie anders nie as om te vra of hierdie komende vergadering en die simposium dieselfde belewenis sal wees en dieselfde impak sal maak as die vorige geleentheid. Om gehoorsaam te wees aan die wil van God: *Jy moet jou naaste liefhê.*

Skakels

Webblad van die
Hervormde Kerk
www.nhka.org

Indien u nie weer
blitspos wil
ontvang nie,
stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Waar wys die Kerk haar liefde vir haar naaste? In die uitleef van haar barmhartigheids-taak? Is dit nog die lied in die hart van die Kerk?

Die belewenis van die vorige vergadering en simposium was fenomenaal. Nie net was die mense wat die simposium bygewoon het se belewenis groot nie, maar die kompakskywe met die aanbiedinge en besprekings daarop was van so 'n aard dat die inligting vir die diakens in gemeentes van groot waarde was. Die inligting wat gedeel en gegee is tydens veral die simposium is van onskatbare waarde vir die diaken wat erns maak met barmhartigheid in die gemeente.

Barmhartigheid het soveel gesigte, soveel terreine, en die simposium was 'n puik geleentheid vir die gemeentediaken om te sien op watter terreine die Kerk haar besig hou met barmhartigheid. Dit het ons as afgevaardigdes laat besef dat barmhartigheid eintlik die gesig is van die Kerk in die gemeenskap. Dit is die hartklop van die Kerk waar die Kerk haarself sigbaar maak in die wêreld, waar die Kerk praat met die mens in nood.

Kan die komende ADV weer aan hierdie ervaring voldoen? Kan lidmate en diakens opnuut gemotiveer word oor die barmhartigheidstaak van die Kerk? Ek glo dit sal elke persoon wat die simposium en die ADV bywoon se verwagting wees: om nie net nuut te dink oor die barmhartigheid van die Kerk nie, maar om daar uit te stap en terug te keer huis toe en die ander diakens van my gemeente te motiveer oor die gesig van die Kerk, die hartklop van die Kerk, barmhartigheid... Om die res van die diakens bewus te maak van ons taak rakende die persoon met 'n gestremdheid, die mens met 'n gevreesde siekte, die kinders wat nie kos het nie, die mens wat nie kan sien nie...

Maar sekerlik nog meer belangrik, mag ons opnuut bewus word van die voorreg as diakens om hierdie barmhartigheid te doen, omdat God dit van ons vra. *Waar daar liefde is, daar is God. Jy moet die Here jou God liefhê ... en jou naaste...*

Ds Ferdie Nortje
Ringsdiakensvergadering: Ring van Swellendam

Lief en leed



Dr Johan Bester

- **Dr Johan Bester** het tydens UP se herfspromosieplegtigheid die graad **PhD in Praktiese Teologie** verwerf. In sy proefskrif, *'n NLP-modelleringsproses vir gemeenteontwikkeling en begeleiding*, ondersoek hy die moontlikheid om Osmer se vier vrae van praktiese teologie in gesprek te bring met die modelleringsproses van neurolinguïstiese programmering. Met neurolinguïstiese programmeringsteorieë en -tegnieke kan predikante en fasiliteerders bepaal wat tans in 'n spesifieke gemeente gebeur en behoort hulle ook by ander gemeentes te kan leer watter prosedures en optrede kan voorkom (wat moontlik kan gebeur). Die modelleringsproses is 'n nuttige hulpmiddel vir gemeentes om hulself beter te verstaan en die konteks van die gemeente te interpreteer, terwyl hulle die leiding van die Skrif en die brondokumente soek. Deur hierdie proses kom nuwe/alternatiewe maniere na vore om te reageer op hedendaagse uitdagings, en so word die deur oopgemaak vir 'n meer missionale en volhoubare gemeentebediensingsmodel.



Dr Andorette Hill-Jowett

- **Dr Andorette Hill-Jowett** het tydens UP se herfspromosieplegtigheid op 3 April die graad PhD in Teologie verwerf. In haar proefskrif, *The experience of loss in the adoption triad: A narrative pastoral perspective*, het sy deur middel van kwantitatiewe, narratiewe pastorale onderhoude met vier gesinne waarin daar aannemings was ondersoek gedoen na verlies in die aannemingsdriehoek. Van die temas wat sterk vorendag gekom het, was skuld aan die kant van die biologiese ouers, die aangenomenes wat dikwels wonder hoe hul lewe sou wees as hulle nie aangeneem is nie, en hul verlies van biologiese en genealogiese konneksie. Die aanneemouers ervaar ook 'n verlies van hul eie biologiese kontinuïteit weens hul infertiliteit. In kontras met hierdie verliese, het die tema van hoop en inspirasie uitgestaan, soos gevind in almal in die aannemingsdriehoek se verhouding met God. Bogenoemde beklemtoon die belangrikheid daarvan om met ervare beraders te werk voordat 'n nuwe hoofstuk in die aannemingsdriehoek geskryf word.



Ds Erika Ferreira

- **Ds Erika Ferreira** (Bellville) het die graad **MTh** aan UP behaal met 'n verhandeling getitel *Craving restoration: An ecofeminist theological perspective on Lily Mine*. Land/grond is 'n komplekse konsep wat verskillende dinge vir mense beteken. Vir sommige is dit huis, gemeenskap, lewe, om te behoort, en iets heilig. Vir ander is dit iets wat jy kan gebruik tot dit klaar is, wins, of 'n wapen – hetsy ekonomies, polities of godsdienstig. Laasgenoemde interpretasie het 'n verwoestende impak op ons natuur en gemeenskappe. Die tesse van hierdie navorsing is dat daar skeuring is tussen die mens, die natuur en God. Die uiteindelijke vraag wat die navorsing ondersoek, is waar ons genesing en heelheid kan vind – vir onself, die natuur wat so verrinneweer word en ons verhouding met God.



Thapelo Tambani

- **Klein held word vereer. Thapelo Tambani** was 'n 9-jarige dowe graad 4-leerder aan die Transoranje-skool vir Dowes in Pretoria-Wes. Op 28 Februarie 2018 het Thapelo soos gewoonlik na skool saam met sy maats gaan speel. Hy was woonagtig in Soshanguve, noord van Pretoria. Hulle het op 'n sandhoop gespeel naby 'n konstruksieterrein toe een van sy maats gegly en in 'n watergevulde sloot beland het. Thapelo het nie gehuiwer nie en sy maat, wat in die modder vasgesit het, gehelp. In die proses het hy egter self in die sloot ingegly en verdrink. Thapelo se heldedaad dien vir ons almal as voorbeeld. **TOIBO** het Thapelo genomineer vir **die Orde van Mendi vir Dapperheid** vir sy onselfsugtige daad waarin hy sy lewe verloor maar dié van sy maat gered het. Op 3 April vanjaar het die Presidensie bekendgemaak dat die dekorasie in silwer, postuum, aan hom toegeken gaan word.

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 April, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 11 April: Ds G van R (Gys) Els (emeritus)
- Vrydag 12 April: Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (emeritus)
- Saterdag 13 April: Prof AJ (Alex) Antonites (emeritus),
di CB (Nardus) Enslin (Rustenburg-Kloof) en
GPJ (Gerrie) Grobler (emeritus)
- Sondag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs (Gaborone),
di JZ (Hans) Britz (Kuruman/Kathu/Upington),
R (Rue) Hopley (Pretoria-Oos) en
JP (James) Jooste (emeritus/Groeneweide)

- Maandag 15 April: Dr JA (Hannes) Beukes (emeritus/Morgenzon) en ds WH (Wessel) Swart (emeritus)
- Dinsdag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (ADV)
- Woensdag 17 April: Ds J (Joleen) Marx (Welgelegen-Pietersburg)
- Donderdag 18 April: Di JH (Hennie) Engelbrecht (studerend) en JR (Jan) Kramer (emeritus/Elsburg)
- Vrydag 19 April: Di HW (Henk) Calitz (Carletonville) en PJ (Pierre) Jacobs (Outeniqua)

- Daar is in die vorige nuusbrieff verkeerdlik berig dat **dr A (Annette) Potgieter** (Rustenburg-Tuine) op 10 April verjaar het. Haar verjaardag is egter eers op 4 Oktober.

Gemeentes en bediening



Dr Robert Jones

- **Dr RJ (Robert) Jones** (beroepafwagting) het 'n beroep ontvang na Barberton (benoeming).
- **Gemeente Roosenekal se eeufeesviering** vind plaas op Sondag 19 Mei. Kontak dr Elritia le Roux by 072 235 6904 vir meer inligting.
- **VONKK-liedere.** Daar was die afgelope week probleme vir gemeentes van die NHKA om liedere van die VONKK-webblad af te laai. Die probleem is reggestel en gemeentes kan weer gratis VONKK-liedere van die webblad aflaai. Jammer vir die ongerief. Onthou asseblief dat die AKV besluit het dat alle gemeentes van die NHKA se intekenfooi vir VONKK sinodaal betaal word en dat die onderskeie gemeentes dus nie self ook vir VONKK moet registreer of betaal nie.
- **Gemeente Derdepoort in Pretoria** het 'n **werkruimte vir deelydse bediening** beskikbaar **vanaf 1 Junie 2019**. Vergoeding sal met die suksesvolle aansoeker onderhandel word. Behuising word nie voorsien nie. Die lidmaattal is tans 249 (202 belydend) en die gemeente is hoofsaaklik in 'n stadsgebied geleë. Die ampswerk en verpligtinge sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoeke met volledige CV's kan deur belangstellende predikante en proponente van die NHKA gestuur word aan oudl SG Booyen by sarelbooyen@gmail.com. Die kerkraad behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg, asook om die vakante werkruimte te vul wanneer dit vir die gemeente geleë is. Belangstellende aansoekers is intussen welkom om **preekbeurte** in die gemeente te behartig. Skakel 012 325 1857 of 061 604 1211, Nikki van Deventer. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 April 2019.**



Derdepoort

Vergaderings

- Vrydag 12 April: Moderamen
- Saterdag 13 April: NHSV Dagbestuur Werksvergadering
- Donderdag 18 April: Rata Bestuur Werkswinkel

Toerusting

- **Stasies van die Kruis: Word stil op die Lydenspad**
7-19 April: Elke aand 18:00-20:00
 Kom, word stil en ervaar die stadions van die Lydenstydperk
 Soos vertel deur Johannes
 Uitgebeeld met kuns en musiek
 Gemeente Montana
 Jan Bantjiesstraat 350, Montana
 Navrae: 012 567 1753
www.nhkmontana.co.za
 Facebook: @nhkmontana

- **Stasies van die Kruis: 'n Pelgrimstog in ons eie leefwêreld
15-21 April**

Beleef die krag van die Pase

Gemeente Sasolburg-Suid

Groblerstraat 19, Sasolburg (langs Coney Island)

Toegang gratis

Maandag 15de: 09:00-11:30 en 15:30-17:30

Dinsdag 16de: 14:30-17:30

Woensdag 17de: 09:00-11:30 en 15:30-17:30

Donderdag 18de: 14:30-17:00

Vrydag 19de: 10:00-13:00

Saterdag 20ste: 10:00-12:00

Sondag 21ste: 10:00-12:00

Navrae: lisamari.swanepoel@gmail.com

- **Gemeente Pretoria-Oos: Paasfees 2019
1 naweek – 3 Joodse feeste vervul!**

Pasga: **18 April** 18:30

Fees van die Ongesuurde Brode **19 April** 08:00

Fees van die Eerste Vrugte **21 April** 09:00

Kom deel in die grootste naweek in jou geloof

- **Excelsus: 16-17 April**

Werkwinkel oor missionale leierskap

Geroep en gestuur

NG gemeente Suidoos-Pretoria/Stellastraat

hv Olivier- en Stellastraat, Waterkloof

Aanbieder dr Roedolf Botha

R380, 25 VBO-punte

Navrae aan Rika van Rensburg, excelsus@up.ac.za

- **Voortgesette Bedieningsopleiding (VBO)** stel predikante in staat om meer fasette van hul bediening en gemeentewerk doeltreffend te ontgin. Daar is tans 'n wye verskeidenheid kursusse beskikbaar – veral ook vanuit die NG Kerk. Daar word van predikante verwag om 150 VBO-krediete in 'n driejaarsiklus te verwerf – met ander woorde, van AKV tot AKV. Die VBO-komitee het dit so maklik moontlik gemaak om hierdie krediete te verwerf. Deur die jaarlikse VTT by te woon asook 'n kwartaalringkomitee vir predikante waar teologiese temas hanteer word, word 50 VBO-krediete per jaar met groot gemak verwerf. Daar sal eersdaags 'n skrywe volg oor hoe om vir VBO te registreer – dit sal veral help as vorige skrywes iewers verlê is.



VBO-KREDIETETOEKENNING PER JAAR		
KURSUS/AKTIWITEIT	URE	KREDIETE
NHKA spesifiek		
VTT fisies bygewoon	20	30 (Ons ken meer punte hier toe omdat dit ons Kerk se vlagskipgeleentheid is)
VTT aanlyn	15	15
Predikantevergadering	8	8
Ringskomitee ^[1] predikante bygewoon	5	5
Konferensie/kongres/kursus		
NGK Lentekonferensie	30	30
Bywoning van kongres		Soos toegeken
Fresh Expressions	15	15
Aanbiedings soos Gesprek met die Bybel, VTT's	10	10
Internasionale beroepsverwante konferensies	Aansoek word voorgelê en op meriete beoordeel	
Aanvullende leergeleenthede		
Artikel geskryf (<i>HTS/THT</i>)	30	30
Eweknie-evaluasie	10	10
Dagstukkies – <i>Bybelse Dagboek</i> (radio)	20	20
Boek/akademiese artikel gelees	4	4
Artikel geskryf in <i>Die Hervormer</i>	4	4

^[1] Wanneer 'n Ringskomitee beplan om 'n bepaalde onderwerp te behandel, kan vroegtydig vir 'n VBO-kode aansoek gedoen word. Stuur 'n e-pos na andre.ungerer@up.ac.za met die titel van die onderwerp, die ring asook die plek en datum van aanbieding. Ds Carusta van der Merwe voorsien feitlik dadelik 'n kode.

'n Gedig

Onsuiwer wiskunde

*the elusive penetrates everything
you must know that everything rhymes*
– WOLS

die uurwerk kantel g'n. die boesmans
kon jou dit lank terug reeds vertel:
veel meer kere as wat hul kon tel,
is al wat vorm is, begoël, sjamans

kén die mistieke rekenwette van verbeelding. selfs
pythagoras moes in 'n grot eers offers bring
voor hy kon leer van vermenigvuldiging.
en eers na van gogh dieper moes delf

na steenkool en God in die skagte van die myn,
kon hy iéts sien van die son en die sonneblom.
al is ons empiries presies, bly ons matematies dom.
hoe héél ons Hom probeer bedink, ons dink te klein

om die verganklike tot die onverweerbare te jel.
ons besit bloot tydelik deur te benoem en te tel.

Tom Gouws

(Uit: *Troglodiet*, 1995)

Barmhartigheid

- **Ons Tuis (NWO)** beskik tans oor 'n **vakature vir 'n geregistreerde professionele Verpleegkundige (Matrone)** by Van Rensburg-/Louis Trichardt-versorgingsfasiliteit vir bejaardes in Danville, Pretoria. Die vereiste **vaardighede** is uitstaande leierseienskappe; bestuursondervinding in bejaardesorg; interpersoonlike en kommunikasievaardighede; verpleegkundige vaardighede; administratiewe, finansiële, personeel- en logistieke bestuursvaardighede; en moet Afrikaans en Engels magtig wees. Die **verantwoordelikhede** sluit in effektiewe, doeltreffende en verantwoordbare bestuur van die versorgingsfasiliteit; en beplanning, implementering, uitvoering en kontrolering van administrasie, finansies, personeel en logistiek. Die vereiste **ondervinding** is vyf (5) jaar bestuurservaring op die vlak van 'n geregistreerde professionele verpleegkundige (matrone), en ondervinding in bejaardeversorging, veral van verswakte bejaardes en Alzheimerpatiënte, sal 'n sterk aanbeveling wees. Die vereiste **kwalifikasie** is registrasie as professionele verpleegkundige by die Verpleegstersraad (SARV). Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Stuur CV aan Gerald van Rensburg by faks 012 325 1857 of e-posadres adm@otmt.org. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is 26 April 2019**. Indien u binne twee weke geen terugvoer ontvang het nie, was u aansoek nie suksesvol nie.
- **NHKA Diakonaat se Ubi caritas-simposium 2019**
Dinsdag 30 April – Donderdag 2 Mei
Christelike barmhartigheid in die Suid-Afrikaanse konteks
By Gemeente Wonderboom
Navrae: Sonet Esterhuizen 012 322 8885 x3109
sonet@plesion.org.za
- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziastraat, Brooklyn**. Johannes Postmus het tans 'n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria**, is 'n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- Daar is tans plek vir bejaardes beskikbaar in **Piet Potgieter te Potgietersrus (Mokopane)**. Die **tweeslaapkamer-woonregeenheid** is geleë in hierdie rustige omgewing, en verskeie dienste word op die perseel aangebied. Die eenheid is te koop teen R592 120 (aanvanklike deposito van R10 000 en R582 120). Kontak mev Mariana van Tonder by 015 491 6314.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Kerklike publikasies



Spore uit die kruik

In hierdie publikasie kyk Neels van Tonder na mense se spore in die Bybel. Nuwe inligting vanuit argeologiese navorsing maak die inhoud van die Bybel meer verstaanbaar en maak van Bybellees 'n wonderlike ontdekking.

Die inhoud is in die rubriek oor Bybelse argeologie op Pretoria FM en DSTV-kanaal 887 uitgesaai. Lees onder meer waarom God die farao se hart verhard het en waarom Michelangelo vir Moses met horings op sy kop uitgebeeld het, en leer meer oor Herodes se dood, Jesus se geboorte en die maansverduistering.

Bestellings: Neels van Tonder by rvtonder@vodamail.co.za

Bladsye: 192 (49 kleurillustrasies)
Formaat: 160 mm x 235 mm
Prys: R300 (plus koerierkoste volgens kwotasie)

Basaars en markte

- **Gemeente Suidoos-Witbank: Geskenkemark**
Woensdag 24 April tot Saterdag 4 Mei
Weekdae 09:00-19:00; Saterdag 27 April 09:00-15:00
Gesluit Sondag 28 April; Saterdag 4 Mei 09:00-14:00
hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat, Witbank
Facebook: *Geskenkemark*
Navrae aan Annelien Hartman by 082 512 9849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste van advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos**. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

God van ons lewe,
daar kom dae wanneer die laste wat ek dra
my skouers skaaf en my neerdruk.
Wanneer die pad vorentoe
droewig en eindeloos lyk;
die lug vaal, troosteloos en dreigend.
Dae wanneer die lied uit my lewe verdwyn
en my hart eensaam en my siel moedeloos word.
Laat dan u lig op my pad skyn.
Rig my oë op die hemele van u belofte.
Snaar my hart vir u lied.
Skenk my die gemeenskap van die heiliges
en van die geloofshelde deur die eeue.
En sterk só my gees om ook ander,
wat die pad saam met my bewandel,
te onderskraag, tot u eer en verheerliking.

Augustinus van Hippo

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)